MEMORANDUM

No. 3 van 2006: Nominasies van die Toekenning vir Buitengewone Diens aan die Staatmakers

Reglementele Vereistes

Enige Staatmaker kan genomineer word vir die Toekenning vir Buitengewone Diens aan die Staatmakers.

Die Toekenning vir Buitengewone Diens aan die Staatmakers word deur die Nasionale Komitee: Staatmakers toegeken aan ‘n Staatmaker wat ‘n buitengewone bydrae gelewer het aan die Staatmakers in die algemeen.

Vereistes:

(a) ‘n Minimum van drie (3) jaar diens aan die Staatmakers op enige vlak;
(b) Die doen van take, meer as die normale, in die uitvoering van sy / haar pligte. (Gemeet aan kreatiwiteit, vindingrykheid, die sigbaarheid en bruikbaarheid van die bydrae en die buitengewone aard daarvan.);
(c) Die bydrae moet Staatmaker gerig wees; en
(d) Die bevordering van die beeld van die Staatmakers.

Die toekenning word deur die Nasionale Komitee: Staatmakers uit eie beweging of op grond van ‘n behoorlik gemotiveerde voordrag toegeken. Enige Staatmaker bestuursliggaam kan ‘n gemotiveerde nominasie aan die Nasionale Komitee: Staatmakers stuur vir oorweging.

Daar word oor die nominasie per geslote stembrief gestem. Die toekenning word gemaak wanneer ‘n twee-derde meerderheid van die Nasionale Komitee: Staatmakers ten gunste daarvan gestem het. Die besluit moet genotuleer word tydens ‘n vergadering van die

Nasionale Komitee: Staatmakers. Die Nasionale Komitee: Staatmakers moet jaarliks ‘n lys byhou van toekennings wat gemaak is.

Die oorhandiging van die Toekenning vir Buitengewone Diens aan die Staatmakers geskied tydens ‘n funksie wat vir dié doel deur en op koste van die Nasionale Komitee: Staatmakers of die betrokke gebiedsdagbestuur (Staatmakers) gereël word.

Proses

Elke bestuursliggaam wat ‘n nominasie wil doen moet ‘n volledig ingevulde Nominasie vorm aan die Adjunk Hoofskakeldraer: Administrasie stuur. (Verwys na Aanhangsel 4 – Nominasie vorm).

Nominasies sal slegs oorweeg word wanneer daar aan alle vereistes voldoen is. Die Nasionale Komitee mag dokumentêre bewyse vir alle vereistes aanvra, voor die nominasie oorweeg word.

Die Nasionale Komitee sal op ‘n amptelike Nasionale Komitee vergadering die nominasie bespreek, en per geslote stembrief stem. Die nominasie sal toegeken word as ‘n twee-derde meerderheid van die vergadering ten gunste daarvan gestem het. Die besluit sal genotuleer word.

Terugvoer sal aan die Bestuursliggaam wat die nominasie gedoen het gegee word. Indien die toekenning nie gemaak is nie sal redes aan die Bestuursliggaam wat die nominasie gedoen het verskaf word.